# Takaand gehou te Koos Kruger Skietbaan op 2020-02-05 om 18:00

1. Oom Daan open met gebed en Hendrik heet almal welkom

2. Alle lede teenwoordig vul tablet in by Maryke. Hendrik verduidelik aan die lede dat ons ŉ bestuursvergadering hou voor die takaand en dat lede asb. vir ons die grasie sal gee om klaar te maak voor hul binnekom. Die saal se akoestiek is nie so goed nie. Ons kan in die breek tussen vergaderings mekaar ook groet.

3. Lief en Leed – Pietsie was in en uit die hospitaal en Pieter Hattingh verjaar more.

4. Thomas behandel die Finansies. In Desember het niks gebeur, Ons skuld nie geld en het krediet by HK en omtrent R 20 000 in die bank. Hendrik het ons ook meegedeel dat ons R 3800 ingevorder het met die skietoefening. Gras sny was R 6500.

5. Hendrik verduidelik die reëls van die Skietkompetisie van die 29 ste Februarie. Ook dat daar 15 goeie pryse beskikbaar sal wees. Hy doen ŉ beroep op Baanoffisiere en beamptes om asb. te help opruim na die tyd. Al die jong ouens verdwyn en dan bly net oom Daan en oom Sallie agter om op te ruim. Dit is nie Goeie maniere nie.

6. Opleiding en Trofee – Johan het datums opgestel. Hy verduidelik die nuwe handboek aan lede en dat hul dit by hom kan bestel. Ouers en ander belangstellendes kan hom asb. gerus kom help daarmee. Daar is vreeslik baie inligting in en omdat ons kinders so besige skedule het deesdae sal dit dalk ŉ jaar vat om deur so ŉ boek te werk. Hul wil graag op 7 Maart 2020 met die boek begin tydens die jnr. Skietdag. Op bl1 van die boek is inligting wat meeste senior jagters nie eers toepas of van weet nie. Al is jy nie ŉ junior nie kan jy so ŉ boek bestel. Johan vra ook dat lede asb. hul trofee kom inskryf. Oud en nuut. Bring die papierwerk ook saam. Hy beoog ŉ klein kompetisie vir die einde van die jaar met sertifikate ens.

7. Noodhulp kursus. Hendrik vra belangstellendes moet hom kontak. Ons het nog 3 lede nodig om die kursus plaaslik te kan aanbied. Mark vra verskoning dat hy Cobus se nr. opgesit het maar kon nie Esme se nr. dadelik kry nie. Cobus reken dit is goed so met hom.

8. Skietbaan Kode is verander. As jy nie op die nuwe groep is nie het jy nog nie jou vorms ingedien of betaal nie. Hendrik werk ook net een keer ŉ week daaraan so moet asb. nie bel of e-pos en eis jy wil gou opgesit word nie, dit gaan nie gebeur nie. Hy het ook ŉ werk wat hy doen. Huidige lede wie later hernu sal steeds die volle prys betaal. Oom Daan vra dat jul asb. nie die slot in die hek vasslaan nie, dit buig en gaan nie hou nie. Hendrik maan dat daar steeds lede is wie nie die register invul as hul inkom nie! U kan nie die register teken nadat ŉ ongeluk voorgekom het nie.

9. Jan vra uit oor Bek en klou seer. Ons sal dit opvolg. Mark verduidelik die Amnestie so breedvoerig as moontlik. Dit bly elke ou se verantwoordelikheid om dit te doen voor einde Mei 2020 en die wapen moet ingehandig word. SAJWV het reeds verskeie skrywes in die verband uitgestuur en daar is ook op Martin Hood & Associates se FB blad baie inligting.

10. Hendrik sluit af en van die manne braai en kuier saam. Pieter Papenfus meld aan Mark dat hy en Maryke vreeslik sukkel om die skietdag se detail te log want lede vul nie hul lidnommers of id nommers in nie of verkeerd, of skryf so lelik dat dit nie reg uitkom nie. As u nie gelog word nie maak seker u skryf u detail reg neer en leesbaar asb.